basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 **Meervoudigekeuse**
1.1.1 B ✓✓
1.1.2 C ✓✓
1.1.3 B ✓✓
1.1.4 D ✓✓
1.1.5 D ✓✓
1.1.6 A ✓✓
1.1.7 C ✓✓
1.1.8 B ✓✓
1.1.9 A ✓✓
1.1.10 B ✓✓

(10 x 2) (20)

1.2 **Pasitems**
1.2.1 E ✓✓
1.2.2 D ✓✓
1.2.3 G ✓✓
1.2.4 F ✓✓
1.2.5 B ✓✓
1.2.6 J ✓✓
1.2.7 A ✓✓
1.2.8 K ✓✓
1.2.9 H ✓✓
1.2.10 C ✓✓

(10 x 2) (20)

1.3 **Landboukundige terme**
1.3.1 Presisieboerdery /Presisie landbou✓
1.3.2 Topografie/Reliëf ✓
1.3.3 Vakuumverpakking ✓
1.3.4 Diversiteit/Diversifikasie/Gediversifiseerde boerdery/Gemengde boerdery ✓
1.3.5 Onttrekking ✓

(5 x 1) (5)

1.4 **Onderstreepte woorde**
1.4.1 Inventaris ✓
1.4.2 Bemarkingstrategie /Bemarkingsplan✓
1.4.3 Beplanning ✓
1.4.4 Vaste ✓
1.4.5 Laste ✓

(5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING

2.1 **Noem die fisiografiese aspekte wat veldklassifikasie beïnvloed**

- Tipe plantegroei/veld ✓
- Erosietoestand ✓
- Topografie/Reliëf ✓
- Smaaklikheid van die veld ✓ (Enige 3) (3)

2.2 **Ekonomiese eienskappe van grond**

2.2.1 **Identifiseer die ekonomiese eienskap in die grafiek**

- Wet van dalende meeropbrengs ✓ (1)

2.2.2 **Verduidelik die intervalle op die grafiek**

(a) **450 kg – 500 kg kunsmis**

- Produksie is volgens die vermoë van die grond ✓ en die grond bereik maksimum produksie vermoë ✓ (2)

(b) **500 kg – 550 kg kunsmis**

- Optimum produksie word verkry ✓, met verdere toediening van kunsmis sal daar nie 'n toename in produksie wees nie ✓ (2)

(c) **550 kg – 600 kg kunsmis**

- Produksie verminder met die verhoging in kunsmis toediening ✓, die grond word besoedel ✓ (2)

2.3 **Noem maatreëls om grondproduktiwiteit te handhaaf en verbeter**

- Minimum/zero/nul/geen bewerking ✓
- Interverbouing/Tussenverbouing✓
- Wisselbou✓
- Dekgewasse/Deklaag-bewerking ✓
- Toediening van anorganiese bemesting (kunsmis) volgens die grondbehoeftes ✓
- Toediening van organiese bemesting ✓
- Korrekte bewerkingspraktyke ✓
- Presisie boerdery✓ (Enige 3) (3)

2.4 **Onderskei tussen soet- en suurveld**

	SOETVELD	**SUURVELD**
Reënval	laer/minder ✓	hoër/meer ✓
Smaaklikheid in winter	smaaklik/beter/ smaakliker ✓	minder smaaklik/ onsmaaklik ✓

(4 + 1 punt vir die tabel) (5)

2.5 **Noem TWEE bronne van grondbesoedeling in die landbousektor en gee EEN voorbeeld**

BRON	VOORBEELD
Verskeping van produksiehulpmiddels ✓	Saad, voer, masjinerie, verpakkingsmateriaal ✓
Chemiese bestanddele ✓	Plaagdoders, onkruiddoders, kunsmis, brandstowwe, swaarmetale ✓
Afvloei ✓	Oortollige besproeiingswater, prosesserings-aanlegte, afvalwater ✓
Gronderosie	Oormatige reënval, vloede ✓
Diereproduksie ✓	Gasse, besmetting vanaf organiese materiaal en minerale ✓

Enige twee bronne met toepaslike voorbeeld (2 x 2) (4)

2.6 **Klassifiseer die tipe krediet gebruik**

LANGTERMYN-KREDIET	MEDIUMTERMYN-KREDIET	KORTTERMYN-KREDIET
Verkryging van landbougrond ✓ Bou 'n pakhuis ✓	Koop 'n baler ✓	Koop dierevoer ✓

(4)

2.7 **Noem die probleme geassosieer met kapitaal as 'n produksiefaktor**

- Kapitaal is skaars ✓
- Kapitaal is duur/hoë rente koers/Inflasie gekoppel ✓
- Risiko's weens veranderinge in die finansieringsomgewing ✓
- Oorkapitalisasie ✓
- Onderkapitalisasie ✓
- Onvoldoende kollateraal / sekuriteit ✓ (Enige 3) (3)

2.8 **Noem homogene grondaspekte belangrik vir suksesvolle gewasproduksie**

- Bewerkbaarheid ✓
- Dreineringsvereistes ✓
- Besproeibaarheid ✓
- Voorbereiding ✓
- Geskiktheid vir gewasse ✓
- Bemestingsvereistes ✓
- Grondkartering/grondbestuurssones✓ (Enige 2) (2)

2.9 **Grondbewaringspraktyke**

2.9.1 **Noem en beskryf die grondbewaringspraktyk**

- Terrasse ✓ (1)

Beskrywing

- Helling word horisontaal/plat gemaak ✓ wat lyk soos groot trappe vir bewerking ✓ (2)

2.9.2 **Gee DRIE redes vir die implementering van hierdie grond-bewaringspraktyk**
- Bespaar water/verbeter waterinfiltrasie/voorkom water afvloei ✓
- Beheer gronderosie/bewaar grond ✓
- Verhoog ploegbare area ✓ (3)

2.10 **Noem ekonomiese aspekte wat presisieboerdery beïnvloed**
- Verandering in koste/investerings kostes ✓
- Verandering in inkomste ✓
- Kontantvloeirisiko ✓ (3)

2.11 **Bewerkingspraktyke**

2.11.1 **Identifiseer bewerkingspraktyke**
(a) **BOER A** – Konvensionele bewerking ✓
(b) **BOER B** – Geen bewerking ✓ (2)

2.11.2 **Evalueer voldoening aan organiese boerdery**
- Nee ✓ (1)

Motiveer BOER A
- Gebruik kunsmis/plaagdoders/onkruiddoders ✓
- Gebruik nie natuurlike bemesting of organiese materiaal nie ✓
- Gebruik nie natuurlike plaagdoders en onkruidbeheer of biologiese beheermetodes nie ✓ (Enige 2) (2)

2.11.3 **Kies die boer met hoë produksiekoste**
- Boer A ✓ (1)

Motiveer
- Meer insette aangekoop/benodig ✓
- Meer implemente word benodig ✓
- Meer prosesse word gedoen ✓ (Enige 1) (1)

2.12 **Noem die nadele van die agritoerisme**
- Dit is 'n ekstra verantwoordelikheid vir die boer ✓
- Opgeleide mense in nie altyd beskikbaar nie ✓
- Verskeie wette beheer die verskillende bedrywe ✓
- Duur om te begin en te onderhou ✓
- Bewaring van die omgewing kan negatief beïnvloed word indien dit nie goed bestuur word nie ✓
- Verlies aan privaatheid vir die boer, sy familie en werkers ✓
- Openbare aanspreeklikheidseise ✓ (Enige 3) (3)

[50]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPLANNING, ENTREPRENEURSKAP, BEMARKING, PRYSBEPALING EN DIE BESTUURSPROSES

3.1 Besigheidsplan

3.1.1 Beskryf redes vir die ontwikkeling van 'n besigheidsplan

- Toets die uitvoerbaarheid van die idee ✓
- Toets die lewensvatbaarheid van die besigheidsidee ✓
- Hulp in bepaling van finansiële behoefte ✓
- Vereiste om kapitaal te verkry vanaf 'n finansiële instellings ✓
- Dui die huidige posisie en groei aan ✓
- Versamel kennis aangaande bemarkingsaspekte ✓ (Enige 3) (3)

3.1.2 Beskryf hoe 'n SSGB-ontleding beplanning ondersteun

- Sterkpunte van die nuwe onderneming kan geïdentifiseer word ✓
- Swakpunte van die onderneming kan geïdentifiseer word ✓
- Geleenthede wat bestaan vir die nuwe onderneming kan bepaal word ✓
- Bedreigings tot die onderneming kan bepaal word ✓

OF

- Die entrepreneur is staat om die interne faktore ✓✓en eksterne faktore verbonde aan die onderneming te bepaal ✓✓ (2 x 2) (4)

3.1.3 Verduidelik die belangrikheid van 'n besigheidsplan met 'n lening aansoek

- Demonstreer die entrepreneur se kennis van die onderneming ✓en watter areas benodig meer geld ✓ (2)

3.2 Entrepreneurskap

3.2.1 Kies en pas die persoonlike eienskappe van 'n entrepreneur

a) Innoveerder ✓
b) Interpersoonlike vaardighede ✓
c) Uithouvermoë ✓
d) Risikonemer ✓ (4)

3.2.2 Noem die rol van entrepreneurs in besigheidsontwikkeling in die landbousektor

- Speel 'n groter rol in globale kompetisie ✓
- Uitbreiding van industriële landbou ✓
- Produksie van 'n verskeidenheid van produkte ✓
- Presisie-produksie ✓
- Bewustheid van ekologiese landbou ✓
- Vorming van voedselverskaffingskettings ✓
- Meer diversiteit ✓
- Toenemende risiko ✓ (Enige 4) (4)

3.3 **Besigheid in die landbousektor**

3.3.1 **Identifiseer die primêre landbousektor**
- Produksie van wol ✓
- Die verbouing van groente ✓ (2)

3.3.2 **Identifiseer die sekondêre landbousektor**
- Slagpale ✓
- Die meulenaarsbedryf ✓ (2)

3.3.3 **Identifiseer die tersiêre landbousektor**
- Huur van vragmotors ✓
- Kompos en organiese bemestingmaatskappye ✓ (2)

3.4 **Bemarkingsketting**

3.4.1 **Dui DRIE aspekte wat die prys van ’n produk kan verhoog**
- Gradering ✓
- Prosessering ✓
- Stoor ✓
- Vervoer ✓
- Groothandelaar ✓
- Kleinhandelaar ✓ (Enige 3) (3)

3.4.2 **Identifiseer die stadium in die bemarkingsketting aan waar:**

(a) **Installering van kouekamers bederf sal voorkom**
- Stoor ✓ (1)

(b) **Produkte in grootmaat verdeel word in kleiner eenhede**
- Kleinhandelaar ✓ (1)

3.5 **Noem die VIER bronne van data in marknavorsing**
- Verbruikersinligting ✓
- Markinligting op verkope en prys/regerings statistieke/sosiale media/produkorganisasies ✓
- Standaarde in die bedryf ✓
- Verskaffers aan die boer ✓
- Bemarkingsdinamika ✓
- Seisoenale patrone ✓
- Produkte in die mark en kompetisie ✓
- Huidige verkope en maatstaaf ✓ (Enige 4) (4)

3.6 **Bespreek die aspekte van 'n suksesvolle bemarkingsplan**
- Dit moet die behoeftes en voorkeure ✓ van verbruikers of kopers in die teikenmark in aanmerking neem ✓
- Marknavorsing moet gedoen word om te bepaal wat verbruikers wil hê ✓ en wat hulle bereid is om daarvoor te bepaal ✓ (Enige 1 x 2) (2)

3.7 **Plaasbestuur**

3.7.1 **Rangskik stappe in die besluitnemingsproses**
- Beskryf die probleem ✓
- Identifiseer al die moontlike oplossings ✓
- Evalueer die moontlike oplossings ✓
- Kies die beste oplossing ✓ (4)

3.7.2 **Lewer kommentaar op hoe vergaderings tot werkermotivering kan bydra**
- Deelname aan bestuur ✓
- Spanwerk/werk saam en deel idees ✓
- Al die werkers se insette word erken ✓
- Bespreek korrekte toewysing van menslike hulpbronne ✓
- Bespreek vergoeding/lewensomstandighede ✓
- Bespreek werksomstandighede ✓
- Verbeter vaardigheid ✓ (Enige 2) (2)

3.7.3 **Noem DRIE faktore wat besluitnemings-proses beïnvloed**
- Spoed waarteen besluite geneem word/tydige besluitneming ✓
- Die graad van akkuraatheid waarmee besluite geneem word ✓
- Aanvaarbaarheid van besluite ✓ (3)

3.8 **Arbeidbestuur**

3.8.1 **Identifiseer die Wet op Arbeidsverhoudinge 1995**
- B ✓ (1)

3.8.2 **Identifiseer die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 1993**
- C ✓ (1)

3.8.3 **Identifiseer die Wet op Basiese Diensvoorwaardes Wet 1997**
- A ✓ (1)

3.9 **Noem VIER vereistes vir dissiplinêre aksie**
- Werknemer moet bewus wees van optrede indien hul 'n bepaalde oortreding begaan ✓
- Aksie moet teen die oortreding gerig wees en nie die werknemer nie ✓
- Aksie moet so gou moontlik geneem word na die oortreding ✓
- Aksie moet ten alle tye konsekwent wees ✓
- Hou die verhouding met die werknemer so normaal moontlik – asof die oortreding nooit plaasgevind het nie✓
- Reg op verteenwoordiging ✓ (Enige 4) (4)

[50]

VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDHOUDING, OES, WAARDE-TOEVOEGING EN VERPAKKING

4.1 **Verduidelik wat die doel van die saamstel van 'n begroting is**

- Die begrotingsproses voorsien 'n basiese bron van inligting ✓ om bestuursbesluite te neem ✓
- Begroting konsentreer op die koördinering van hulpbronne ✓, produksie (inkomste) en verkryging (uitgawes) / om hulpbronne te allokeer, en dra by om kontrole en monitering van hulpbron gebruik te monitor✓
- Bepaal langtermynstrategie✓ en kwantifiseer doelwitte ✓
- Relatiewe winsgewendheid ✓ van 'n alternatief vas te stel ✓
- Om 'n behoefte bepaling te doen✓ en beheer uit te oefen✓ (Enige 1 x 2) (2)

4.2 **Klassifiseer depresiasie as 'n inkomste of 'n uitgawe**

- Uitgawe ✓ (1)

Motiveer

- Depresiasie is die vermindering in die waarde van 'n bate ✓ oor tyd en/of slytasie ✓ (2) (3)

4.3 **Finansiële state**

4.3.1 **Beskryf Kontantvloeistaat**

- Uitgawes en inkomste met hoeveelheid en tyd ✓
- van alle kontant invloei (bronne van geld) en kontant uitvloei (gebruik van geld) /beweging van kontant✓
- gedurende die huidige maand of jaar tot datum ✓
- en hoe dit vergelyk met begrotingswaardes✓
- likiditeitsbestuur ✓ (4)

4.3.2 **TWEE ander finansiële state wat prestasie bepaal**

- Inkomstestaat ✓
- Balansstaat ✓ (2)

4.4 **Finansiële rekordhouding**

4.4.1 **Onderskei tussen**

Debiteure

- Verwys na individue, besighede of entiteite wat geld skuld of uitstaande debiet (skuld) het wat betaal moet word aan die boerdery-onderneming ✓

Krediteure

- Verwys na individue, besighede of entiteite wat skuld of uitstaande debiet het, wat vereffen moet word deur die boerdery-onderneming ✓ (2)

4.4.2 **Klassifiseer 'n debiteur as of 'n bate of 'n las in die Balansstaat**

- Bate ✓ (1)

4.5 **Noem die voordele van opleiding**

- Verhoog produktiwiteit/vaardigheid ✓
- Verhoog werkstevredenheid ✓
- Dien as motivering (salarisverhoging) ✓
- Minder vermorsing weens breekskade en wanbestuur ✓
- Verminder beserings✓ (Enige 2) (2)

4.6 **Noem die hoofitems in 'n werknemerskontrak**

- Werkgewer se naam en adres ✓
- Werknemer se naam en beroep/postitel ✓
- Datum van aanstelling en termyn van die kontrak ✓
- Werksplek en werksure / -dae ✓
- Vergoeding ✓
- Enige ekstra betalings ✓
- Hoe gereeld die werker betaal gaan word ✓
- Aftrekkings vanaf betaling ✓
- Verlof voorsiening ✓
- Beëindiging van indiensneming en tydsduur van kennisgewing ✓ (Enige 3) (3)

4.7 **Nasionale Minimum Loon**

4.7.1 **Verduidelik hoe loonverhogings die boerderyonderneming beïnvloed**

- Dit lei tot 'n aansienlike verhoging in arbeidskoste ✓
- Boer moet ekstra geld vind in die begroting om die werkers meer te betaal ✓
- Boer mag moontlik werkers aflê en plaasaktiwiteite verminder ✓
- Boer mag meganisasie oorweeg✓
- Verhoging in produktiwiteitsdruk ✓ (Enige 3) (3)

4.7.2 **Bereken minimumsalaris/loon**

- Betaling = dae x uur/dag x minimumloon
  = 22 x 8 x R27,58 ✓✓
  = R4 854,08 ✓

OF

Aantal ure = dae x ure/dag = 22 x 8 ✓ = 176 ure	Loon per dag = ure x minimumloon = 8 ure x R27,58 ✓ = R220,64	Loon per maand = dae x minimumloon = 22 x R27,58 ✓ = R606,76
Betaling = ure x minimumloon = 176 ure x R27,58 ✓ = R4 854,08 ✓	Betaling = loon per dag x dae = R220,64 x 22 dae✓ = R4 854,08 ✓	Betaling = salaris per maand x ure/dag = R606,76 x 8 ✓ = R4 854,08 ✓

(3)

4.7.3 **Noem 'n metode wat gebruik kan word om boek te hou van werkersure**

- Inklokstelsel ✓
- Aantekenregister ✓
- Digitalestelsel met kaart/vingerafdruk ✓ (Enige 1) (1)

4.8 **Selekteer TWEE preserveringsmetodes**

(a) **vir biltong**

- Droging ✓
- Souting ✓ (2)

(b) **vir bier en wyn**

- Fermentasie ✓
- Filtrasie ✓ (2)

4.9 **Noem die voordele van goeie boerderypraktyke met produkhantering**

- Verskaf finansiële voordele vir die produsent ✓
- Verbruiker kry 'n gehalte produk ✓
- Moontlike verspreiding van plae en siektes word uitgeskakel ✓
- Chemiese besoedeling word uitgeskakel ✓
- Moontlike allergieë word uitgeskakel ✓
- Produkte wat siektes veroorsaak word uitgeskakel sowel as die koste om dit te hanteer ✓
- Naspeurbaarheid ✓
- Verbeterde voldoening aan uitvoervereistes✓ (Enige 3) (3)

4.10 **Beskryf die voordele daarvan om produkte op die plaas te prosesseer**

- Hoër inkomste as gevolg van die verhoging in prys van rou produk na geprosesseerde produk/waardetoevoeging ✓
- Produk is beskikbaar regdeur die jaar ✓
- Produk het 'n langer raklewe/verminder verliese ✓
- Bepaal jou eie toekoms/bepaal jou inkomste ✓
- Skep 'n goeie verbruikersbasis/bou jou besigheidsreputasie ✓
- Skep meer werksgeleenthede ✓ (Enige 3) (3)

4.11 **Onderskei tussen grootmaat stoor met stoor in klein hoeveelhede**

		GROOTMAAT STOOR	**STOOR IN KLEIN HOEVEELHEDE**
4.11.1	**Plaagindringing**	minder/klein/min ✓	meer/baie ✓
4.11.2	**Langtermynkoste van verpakkings-materiaal**	minder/laag ✓	meer/hoog ✓

(4)

4.12 **Beskryf ekstrusie-omskakeling as 'n metode van produkprosessering**

- Is 'n kook proses ✓
- wat plaasvind onder hoë temperature ✓
- en hoë druk ✓
- met geen verkwisting nie ✓ (Enige 3) (3)

4.13 **Noem die aspekte waarteen verpakking die inhoud moet beskerm**

- Fisiese beskadiging ✓
- Bederf (mikrobes/insekte/stof) ✓
- Temperatuurskommelinge ✓
- Peuter ✓
- Lig ✓
- Lug ✓
- Vog ✓
- Beweging van geure en kleure ✓ (Enige 3) (3)

4.14 **Verduidelik TWEE riglyne wat NIE tydens die vervoer van diere nagekom is NIE.**

- Voldoende sypanele op voertuie ✓ om te voorkom dat diere afval ✓
- Voertuie moet ruim wees ✓ om genoegsame ruimte vir elke dier te verseker ✓
- Voertuie moet nie oorlaai wees nie ✓ om veilige vervoer te verseker ✓
- Voertuig moet aan verkeersregulasies voldoen ✓ om menslike en diereveiligheid te verseker ✓ (Enige 2 x 2) (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou